MYFILADELFIA

'n Deur is vir jou geopen

BROSJURE JANUARIE 2018

TOERUSTING VIR BYBELSE BERADING

BAIE DANKIE dat u navraag gedoen het oor die Filadelfia Bybelse Beradingsinstituut!

Filadelfia is 'n Bybels-gegronde pastorale sorg-, mentorskap- en lewensvaardigheidsnetwerk, bestaande uit verskillende pastorale hulpbronne.

By Filadelfia word almal respekteer – ongeag taal, kultuur, of Christelike denominasie.

MEER OOR FILADELFIA

Sedert 1994, het Filadelfia as interkerklike bediening, uitgebrei en haar vlerke regoor Suid-Afrika en selfs internasionaal, gesprei. Die Filadelfiaspan is passievol oor die Here Jesus Christus en glo dat slegs Hy die bron is van alle ware innerlike genesing. Filadelfia word ondersteun deur persone in die bediening, diegene wat die bediening wil betree, asook talle kerke, skole en organisasies. Filadelfia rus gelowiges toe om meer effektief binne hul bediening en persoonlike lewens op te tree.

DIE FILADELFIA WAARDESISTEEM

Filadelfia se werk word gegrond op die geïnspireerde Woord van God. Die toerus van gelowiges, geskied in afhanklikheid van Sy Heilige Gees. Filadelfia glo dat Jesus Christus steeds genees! Vertroue, eerlikheid, aanspreeklikheid, deursigtigheid, uitnemendheid en integriteit is die kern van ons bediening. Filadelfia reis saam met studente op die weg van dissipelskap, moedig aan met volharding, fasiliteer herstelde verhoudings, bevorder geestelike groei en bou vennootskappe in die bediening. 'n Bybelse berader – soos diegene wat deur Filadelfia toegerus word – is iemand wat berading doen in ooreenstemming met die siening van die Christelike wêreld, wat gerugsteun word deur die Bybel en ten volle vertrou op die werking van die Heilige Gees.

Gods rykste seën,
Jack, Carina en die Filadelfiaspan

AANSPREEKLIKHEID IN BEDIENINGSOPLEIDING

T 021 863 0914

F 086 698 8077

E hello@myfiladelfia.com

P Posbus 1337, Paarl, 7624

A McFarlanestraat 7, Paarl, 7646

Inligting wat in hierdie brosjure vervat is, is akkuraat tydens die ontwerp van die dokument. Faktore buite ons beheer (soos wetgewing, regulatoriese, of tegniese veranderings), kan egter lei tot veranderings aan hierdie brosjure, asook ons programme. Alle moontlike maatreëls sal getref word om enige onvoorsiene ongerief aan ons studente, tot die minimum te beperk.

'N PAAR GETUIENISSE

"Jack & Carina + fasiliteerders - BAIE DANKIE vir die afgelope werkswinkel in Bloemfontein; julle het ons weereens kom "bless" met jul wysheid en alles wat ons kon leer. Mag die Here julle seën en Filadelfia van krag tot krag laat gaan." - **Carin Coetzee (Niekerkshoop)**

"Ek is skoon uitgeput na vandag maar dit was een van die wonderlikste dae van my lewe. Dankie vir julle liefde en omgee. Ek sien uit nog!" - **Adri de Jager (Pretoria)**

"Dankie aan almal by Filadelfia. Dit was 'n awesome ervaring. Mag God jul ryklik seen. Jesus Liefde." - **Elaine Hattingh (Limpopo)**

"Dankie vir almal wat die kontaksessie so great gemaak het. Weet God sal almal bless en nogmaals dankie vir Jack, Carina, Lizette en Craig." - **Jeanne Liebenberg (Kroonstad)**

"Gesoek en gebid vir die regte plek om by te studeer... Filadelfia is 'n antwoord op gebed." - **Adri Kruger (Tzaneen)**

PASTORALE BERADING EN LEWENSVAARDIGHEDE

Filadelfia fokus op aspekte wat die liggaam van Christus saambind en verteenwoordig 'n groot verskeidenheid denominasies. Daar word nóu saamgewerk met ander dissiplines om bystand te bied, waar nodig. Alhoewel pastorale versorgers nie geestesiektes diagnoseer, of behandel nie, word daar wel 'n pad van heelwording saam met mede-gelowiges gestap, terwyl hulle genesing ontvang uit Sy Woord en deur Sy Gees.

RIGTING EN MENTORSKAP

Empatiese verhoudings word gebou, terwyl gelowiges bemoedig en ondersteun word om te glo in hul Godgegewe skeppingsdoel. Die verwesenliking van hierdie Koninkryksdoel, word bereik deur pastorale sorg, motivering, mentorskap, onvoorwaardelike liefde en die praktiese implementering van die Woord van God in hul alledaagse lewens.

BEDIENING

Filadelfia neem graag deel aan enige vorm van diens aan die kerk en samelewing, sodat die boodskap van die Goeie Nuus van Jesus Christus, uitgeleef en verkondig kan word. Filadelfia is verheug oor mense en organisasies wat passievol is oor Jesus Christus. Daar is dus geredelike betrokkenheid in besprekings en debatte wat belangrik is vir Filadelfia se bediening, asook die uitbreiding van die Koninkryk van God.

AARD VAN HIERDIE BEDIENING

Filadelfia bied kort kursusse aan in 'n modulêre formaat, wat vervat in jaarprogramme. Hierdie kursusse bied ondersteuning aan die bediening van die student. Toerusting vir die roeping van die student, word ook deur hierdie kursusse voorsien. Kursusse berei persone voor vir Christelike bedieningsmoontlikhede en nie sekulêre werk nie.

ERKENNING VAN KURSUSSE

Filadelfia Bybelse Beradingsinstituut reik nie nasionale kwalifikasies uit nie. Kwalifikasies word deur MINTS ("Miami International Seminary") uitgereik, wat geregistreer is by die staat Florida, se Departement van Onderwys, vanuit "Dade County", Florida, VSA. Filadelfia Bybelse Beradingsinstituut is tans besig om te registreer as 'n privaatverskaffer van opleiding in Suid-Afrika, by "DHET", "CHE", asook "SETA".

In 'n nasionale konteks, word Filadelfia, as bediening, in- formeel erken deur verskeie individue, kerke, organisa- sies, asook skole en formeel erken deur:

- *COMENSA – "Coaches and Mentors of South Africa"*
- Die Raad van Beraders in Suid-Afrika.

Let wel: Filadelfia is tans nie 'n verskaffer van Privaat Hoër Onderwys in Suid-Afrika nie.

HOE WORD DIE KURSUS GESTRUKTUREER?

- Opleiding word aangebied in korrespondensie-formaat.
- Die praktiese program is uniek in Suid-Afrika.
- Dit word ondersteun deur twee kontaksessies van drie dae elk, per jaar.
- Hierdie tipe opleiding is noodsaaklik vir die opdoen van ondervinding.

ONTMOET DIE FILADELFIASPAN

- **Past. Jack Martin** *(Hoof)*
- **Past. Carina Martin** *(Adjunk Hoof)*
- **Dr. Lizette Mobey** *(Prakties/Studieleier: jaar 4)*
- **Me. Susan de Lange** *(Studieleier: jaar 3)*
- **Me. Marr van Jaarsveld** *(Studieleier: jaar 2)*
- **Me. Luzaan Pretorius** *(Studieleier: jaar 1)*
- **Me. Candy Braaf** *(Finansies)*
- **Me. Madelyne De Bruin** *(Administrasie)*
- **Me. Madeleine van der Merwe** *(Administrasie)*

DIT IS BAIE EENVOUDIG OM IN TE SKRYF

- Voltooi die aangehegte vorms en e-pos / pos / faks dit na die kantoor.
- **Sluit ook in:**
  - 'n Afskrif van jou ID-boek,
  - 'n Afskrif van jou hoogste kwalifikasie,
  - Bewys van betaling van die deposito,
  - Debietordervorm
- Reg van toegang tot enige kursus, word voorbehou.
- Sodra alle betrokke dokumentasie ontvang is, sal studiemateriaal aan u versend word.
- **Materiaal word elektronies, per CD, versend.**
- **Druk en bind van studie-materiaal, is opsioneel, teen R500 per stel, alle kostes ingesluit**

KOSTES – PER JAARPROGRAM

- **OPSIE 1:** R999 met registrasie + R821 p. m. x 12 maande + 2 kontaksessies @ R1500 elk (betaalbaar voor elke kontaksessie) = R13851per vlak.
- **OPSIE 2:** Betaal vooruit vir die jaar en kry 10% afslag = R12466 per vlak.

Oorweeg asseblief om gebruik te maak van die debietorderskema – die vorm is aangeheg.

Al Filadelfia se kursusse kan individueel geneem word.

- **KOSTE PER INDIVIDUELE KURSUS:** R2000 elk, betaalbaar met registrasie

REGISTRASIE-TYDPERKE

- Registrasie vir die Januarie/Februarie inname, sluit op **28 Februarie**
- Registrasie vir die Junie/Julie inname, sluit op **31 Julie** (Laat inskrywings sal oorweeg word)
- Registrasie vir 'n individuele kursus kan **enige tyd** geskied

BANKBESONDERHEDE

Filadelfia Christelike berading KP BK:
Nedbank besigheidstjekrekening
Taknommer: 102905
Rekeningnommer: 1029047235

BYBELSE BERADINGSOPLEIDING

Let wel: Kursusse bestaan uit kort kursusse saamgevat in leerprogramme. Kursusse kan ook individueel geneem word.

VLAK 1: MINTS-uitkoms – Sertifikaat in Teologiese studies en Bybelse berading

Inleiding tot Pastorale berading (BAM142)

- Die aard van pastorale bediening
- Empatie, deernis en begrip
- Herstel van verhoudings en vergifnis
- Die pastorale gesprek
- Die effektiewe gebruik van wetenskaplike hulpmiddels

Inleiding tot Bybelkunde (BAB001)

- Getuienisse
- Inleiding tot die Bybel
- 'n Reis deur die boeke van die Bybel
- Belangrike datums en feite
- Die lewe en bediening van Jesus
- Glo in Jesus

Persoonlike ontwikkeling (PDE11E)

- Liggaam, siel en gees
- Oorwinning oor die lewe se hindernisse
- Negatiewe denkpatrone
- Emosionele pyn en ontwrigting
- Selfontwikkeling

Aktuele probleemareas I (PAM12E)

- Depressie
- Selfmoord
- Seksuele misbruik
- Eetversteurings
- Bitterheid

Aktuele probleemareas II (PAM13E)

- Gevallestudies
- Genesing van onrein gedagtes
- Stres
- Regstel van negatiewe denkpatrone

Aktuele probleemareas III (PAM14E)

- Voorgeskrewe boek: COLLINS, G.R. A-Z van Berading
- Voorgeskrewe boek: YANCEY, P. Where is God when it hurts?
- Voorgeskrewe boek: STOOP, D. Forgiving our parents, forgiving ourselves

Kontaksessie 1 (COS11B)

- Emosies
- Rasionele emotiewe terapie
- Modelle van Bybelse berading
- Prakties: Luistervaardighede
  - * Bywoning verpligtend

Kontaksessie 2 (COS12B)

- Trauma
- Ongesonde verhoudings
- Gesinspatrone; aangeleerde disfunksionele gedrag; aanhanklikheidstyle ("attachment styles")
  - * Bywoning verpligtend

HET JY GEWEET?

'n Bybelse pastorale sorggewer, berader, of terapeut – soos diegene wat deur Filadelfia opgelei word – is iemand wat berading doen in ooreenstemming met die siening van die Christelike wêreld, wat gerugsteun word deur die Bybel.

VLAK 2: MINTS-uitkoms – Diploma in teologiese studies en Bybelse berading

Bediening aan kinders

- Aborsie
- Kinders agter maskers
- Getraumatiseerde kinders
- Hiperaktiwiteit en woede

Effektiewe leierskap en funksionele berading

- Jeugberading: verstandige verhoudings
- Kreatiewe leierskap
- Aftrede

Aktuele probleemareas

- Stres en trauma
- Kommer, vrees en angs
- Egskeidingsbegeleiding
- Terminale siekte

Voorgeskrewe boek

- Anderson, N.T. Bevryding van kettings

Kontaksessie 1 (COS21B)

- Basiese groepwerk
- Prakties: Groepwerk
  * Bywoning verpligtend

Kontaksessie 2 (COS22B)

- Aktuele probleemareas
  * Bywoning verpligtend

VLAK 3: MINTS-uitkoms – BA-graad in teologiese studies en Bybelse berading

Doktrine van genade (BAT512)

- God van genade
- Genadeverbond
- Gewone betoning van genade
- Genade in die kerk en genade aan die wêreld
- Geloof in toekomsgenade

Pastorale werk en siekte (PAM33B)

- Algemene oorwegings
- Teologiese dimensies van siekte
- MIV & VIGS Deel 1 - 3
- Bepeinsing en hulpbronne

Huweliksterapie (BAM317)

- Huwelik onder skoot
- Huweliksbeloftes
- Konflikhantering
- Huweliksverryking
- Debat oor huwelike tussen persone van dieselfde geslag

Christen apologetiek (BAL091)

- Christologie en epistemologie
- Ware teologie en wetenskap
- Wêreldwye teologiese opleiding

Persoonlikheid ontwikkeling (PDE31B)

- Inleiding
- Komponente van persoonlikheid en temperament
- Erikson, Freud & Kohlberg

Sielkunde in Pastorale bediening (PAM32B)

- Psigologiese kontak en konsepte
- Die brein en gedrag
- Godstaal en genesing
- Normaliteit en patologie

Kontaksessie 1 (COS31B)

- Teologiese toepassing van Egan se model van die toegeruste helper
- Teologiese dimensies van die model
- Prakties: Egan
  * Bywoning verpligtend

Kontaksessie 2 (COS32B)

- Dinamika van Trauma
- Traumaberading
  * Bywoning verpligtend

VLAK 4: MINTS-uitkoms – BA-graad in teologiese studies en Bybelse berading

Na suksesvolle voltooiing van jaar 4-kursusse, sal Mints.edu 'n BA-graad aan die student toeken. Hierdie kwalifikasie kan met 'n ***Suid-Afrikaanse Honneurs-kwalifikasie*** *vergelyk word en sal as sulks op die transkripsie reflekteer.*

Gevorderde pastoraat (PAM42B)

- Osmer se model
- Basiese vaardighede en metodes
- Breedvoerige ondersoek van pastorale kwessies wat nie algemeen voorkom nie
- Take en vaardighede van praktiese teologiese interpretasie

Christelike doktrine vir pastorale berading (BIB42B)

- Klassifikasies en definisies
- Antropologie
- Pneumatologie
- Christologie
- Ware Teologie
- Die drie-eenheid

Network of the Human soul (PAM43B)

- Die siel
- Waardigheid
- Huwelik
- Gesin
- Krisis
- Gemeenskap
- Spiritualiteit
- Droefheid

Navorsingskripsie

- Verfyning van die bediening: eie onderwerp
- Akademiese navorsing
- Teoretiese vaardigheid
- Akademiese vaardigheid
- Goddelike oplossings vir uitdagings

Kontaksessie 1 (COS41B)

- Narratiewe terapie
- Narratiewe konsepte
- Praktiese toepassing
  * Bywoning verpligtend

Kontaksessie 2 (COS42B)

- Gevorderde gevallestudies
- Gebruik van wetenskaplike en ander pastorale hulpmiddels
- Riglyne: Privaatpraktyk
  * Bywoning verpligtend

FILADELFIA SIEN UIT DAARNA OM JOU TE VERWELKOM AS LID VAN DIE FILADELFIAGESIN!

MYFILADELFIA

'n Deur is vir jou geopen

Bankbesonderhede:
FILADELFIA CHRISTELIKE BERADING KAAPPROVINSIE BK
Bank: Nedbank besigheidstjekrekening
Taknommer: 102905 (Wellington CBD)
Rekeningnommer: 1029047235

REGISTRASIEVORM

KONTRAKTUELE VERPLIGTING VAN STUDENT

Indien u nie binne dertig (30) dae na registrasie, skriftelik kennis gee dat u die kursus staak nie, bly u aanspreeklik vir die totale koste verbonde aan die kursus.

Hiermee onderneem ek _____ **om die volle kursuskoste te vereffen, indien ek die kursus binne 30 dae sou staak. Die deposito word verbeur.**

Geteken te _____ **op hierdie** _____ *(Dag)* **van** _____ *(Maand)* **20** _____

_____	_____	_____
Handtekening	**Getuie 1**	**Getuie 2**

Sou die student sy/haar studies binne 30 dae na registrasie beëindig, sal gelde, behalwe die nie-terugbetaalbare R999-00 registrasiefooi, terugbetaal word. Na 30 dae, bly die student verantwoordelik vir die volle koste van die kursus. Geen terugbetalings sal gedoen word indien die student geskors word nie. Alle studiegelde moet ten volle vereffen wees, voordat krediet vir enige kursus, toegeken word. Nie-gehonoreerde debietorders verbeur afslag.

☐ ***Ek verstaan dat kwalifikasies deur MINTS uitgereik word.***

☐ ***Ek verstaan dat hierdie kursus my voorberei vir bediening.***

Ek wil registreer vir (merk met 'n X): ☐ **Vlak 1** ☐ **Vlak 2** ☐ **Vlak 3** ☐ **Vlak 4**

Naam en Van (op sertifikaat):			
Noemnaam:		Identiteitsnommer:	
Posadres:		Straatadres:	
Telefoonnommer:		Selfoonnommer:	
E-Posadres:			

Heg asseblief hierby aan: Gewaarmerkte afskrif van jongste kwalifikasie; gewaarmerkte afskrif van ID-dokument; bewys van betaling van registrasiefooi en debietordervorm.

Alle kwalifikasies word deur "Miami International Theological Seminary" (www.mints.edu) uitgereik. "Miami International Theological Seminary" is geregistreer by die Staat van Florida, V.S.A. se Department van Onderwys (www.fldoe.org), om godsdienstige kwalifikasies uit te reik. Bogenoemde kursusse is ontwerp om persone vir bedieningsmoontlikhede voor te berei. Hierdie kursusse voldoen aan die vereistes van 'n menigte privaat-, onafhanklike, asook nasionale liggame en instansies, Christen-universiteite en nasionale, asook internasionale kweekskole. Met die nodige erkenning van vorige studies, kan studente van Filadelfia, moontlik krediete en kwalifikasies oordra na ander instansies. My Filadelfia, Opleidingsentrum asook MINTS kan geen waarborg gee van toekomstige indiensneming nie en plaas ook nie persone in beroepsposisies nie. Dit is die verantwoordelikheid van die student om te verseker dat Filadelfia se akkreditasie deur MINTS, aanvaar word, voordat aansoek gedoen word om betrekkings, of verdere opleiding. Die erkenning van krediete, verwerf by My Filadelfia (onderskryf deur MINTS), deur 'n ander instansie, is onderhewig aan die diskresie van die ander instansie. My Filadelfia lei nie persone op vir sekulêre beroepe nie. By My Filadelfia, word persone voorberei volgens Skrifgefundeerde studies om hul roeping van God, te vervul.

Vir kantoorgebruik: _____

	Datum verwerk:	Studentenommer:
M: _____	_____	_____

MYFILADELFIA

'n Deur is vir jou geopen

BANKOPDRAG VIR DEBIETORDER / KREDIETKAARTMAGTIGING

FILADELFIA CHRISTELIKE BERADING Kaapprovinsie BK

(Reg. no. 2010/055823/23)

Naam:		Datum:	
Adres:		Identiteitsnommer:	
		Debietorderbedrag:	
		Aanvangsdatum:	
Kontaknommer:		Verkorte naam soos by bank geregistreer:	**FILADELFIA**

Dag waarop debiet order afgetrek moet word: ☐ **1ste** ☐ **15de** ☐ **25ste**

Die besonderhede van my/ons rekening, is as volg:

Bank:		Kaarthouer naam:	
Tak/dorp:		Kaartnommer:	
Taknommer:		Vervaldatum:	
Rekeningnaam:		CVV-nommer: (drie-syfer nommer op agterkant van kaart)	
Rekeningnommer:			
Tipe rekening: (spaar, tjek, transmissie)		Soort kaart: (Mastercard, Visa)	

Hierdie ondertekende magtiging en mandaat verwys na ons kontrak, gedateer tydens ondertekening ("die Ooreenkoms"). Ek/ons magtig u hiermee om opdragte vir betalings aan die bank uit te reik teen my/ons bogenoemde rekening by die bogenoemde bank (of enige ander bank, of tak waarheen ek/ons my/ons rekening mag oorplaas), op voorwaarde dat die bedrag van die betalingsopdrag(te) nie my/ons ooreengekome verpligtings, soos ooreengekom in die Ooreenkoms, sal oorskrei nie. Hierdie magtiging tree in werking op die aanvangsdatum en sal voortduur totdat hierdie Magtiging en Mandaat deur my/ons beëindig word, deur kennisgewing van minstens 20 gewone werksdae, per voorafbetaalde geregistreerde pos, of per hand afgelewer by bogenoemde straatadres.

Die individuele gemagtigde betalingsinstruksies moet as volg uitgereik word:

Op die _____ dag ("betalingsdag") van elke maand vanaf _____. In gevalle waar die betalingsdag op 'n Saterdag, Sondag, of erkende Suid-Afrikaanse publieke vakansiedag val, sal die betalingsdag outomaties verskuif na die eerste gewone besigheidsdag.
Indien daar onvoldoende fondse beskikbaar is in die aangewese rekening, sal u gemagtig wees om my/ons rekening na te spoor en die betalingsopdrag weereens uit te reik, sodra voldoende fondse in my/ons rekening beskikbaar is. Enige kostes hieraan verbonde, sal teen my/ons rekening verhaal word.

Die spesifieke ooreengekome bedrag, volgens die Ooreenkoms, moet maandeliks betaal word.

Ek/ ons begryp dat die onttrekkings, soos hierbo gemagtig, verwerk sal word deur 'n rekenaarsisteem wat deur die Suid-Afrikaanse banke voorsien word en ek/ons begryp ook dat besonderhede van elke onttrekking, op my/ons bankstaat sal verskyn. Elke transaksie sal voorsien wees van 'n nommer, wat by die genoemde betalingsopdrag ingesluit moet word. Dit sal u in staat stel om die Ooreenkoms te identifiseer. 'n Betalingsverwysing word by hierdie vorm gevoeg, alvorens enige betalingsopdrag uitgereik word. Ek/ons sal nie geregtig wees op enige terugbetalings van bedrae wat u onttrek het terwyl hierdie magtiging in werking is en sodanige bedrae wettiglik aan u verskuldig is nie.

MANDAAT

Ek/ons erken dat alle betalingsopdragte vanaf u, deur die bogenoemde bank hanteer sal word asof die opdragte deur my/ons persoonlik uitgereik is.

KANSELLASIE

Ek/ons bevestig dat enige kansellasie van hierdie Magtiging en Mandaat deur my/ons, nie die Ooreenkoms kanselleer nie. Ek/ons sal nie geregtig wees op enige terugbetalings van betalings wat reeds gemaak is en wettiglik aan u toekom, terwyl die magtiging in werking was nie.

OORDRAG

Ek/ons aanvaar dat hierdie Magtiging sedeer, of oorgedra mag word aan 'n derde party, indien die Ooreenkoms ook gesedeer, of oorgedra word aan die genoemde derde party, maar in die afwesigheid van sodanige oordrag van die ooreenkoms, oordrag, of sedering van hierdie Magtiging en Mandaat, nie kan plaasvind nie.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

_____

HANDTEKENING (SOOS GEBRUIK VIR DIE TEKEN VAN TJEKS, OF KREDIETKAARTSTROKIES)

_____

VIR KANTOORGEBRUIK:
Bygestaan deur:
OOREENKOMS VERWYSING NOMMER
Hierdie ooreenkoms se verwysing nommer is: